

## TWEE

---

Saterdag

*Die verlore kuns van garage pie opwarming.* Dit klink soos die titel van 'n boek, dink Izak Hugo en lek die riffels van sy verbrande verhemelte. Kan dit so donners moeilik wees?

Hy drink verkieslik nie op 'n leë maag nie. By die Fiveways Tops-drinkwinkel koop hy twee bottels wyn. Hy sal met die Zonnebloem begin en die Wolftrap eers in die bakkie los. In die parkeerarea moet hy weer sy geroeste Bantambakkie soek. Dit gebeur deesdae ál hoe meer.

Izak het nog altyd van Port Elizabeth gehou. Dit is 'n stad met karakter. 'n Eerlike stad. 'n Kom-ons-maak-ons-hande-vuil-en-drink-dan-saam-'n-Black-Label-stad. As jy skoon en sagte handjies het, is dit egter ook aanvaarbaar. Solank jy net nie jou neus optrek nie. Meeste mense van buite het niks goed oor PE te sê nie: Dis lelik. Dis vuil. Die mense van PE wil jou altyd bliksem. Die wind waai. Al het hulle slegs een keer hier deurgery of gelees dat hoe Gareth Cliff dit die “Armpit of South Africa” noem. Asof die wind enige plek langs die kus in Desember nié waai nie. Hierdie afkeer deur buitestaanders dra vir Izak sterk by tot die bekoring van die plek.

Millpark is 'n boomryke eiland van uitgesproke welvaart in die middel van die stad. 'n Groepie rykmanskinders met skaatsplanke

hang lusteloos op die hoek van McLean- en Mccoyweg rond. Die sypaadjie en pad voor die Malherbes se huis is met groot voertuie volparkeer. Halfdrie parkeer hy agter 'n goue Toyota Fortuner.

Johan Malherbe ontmoet hom onder op die tuinpaadjie. Sy liggeel Lacoste-gholfhemp is by 'n netjiese bruin broek ingesteeek. Blink rooibruin leerskoene. Hy dra 'n groot silwer horlosie wat waarskynlik meer as Izak se voertuig werd is. Johan is pynlik netjies, in voorkoms én gedrag.

Izak en Johan het as eerstejaars op Tygerberg vriende geraak, toe die mediese en tandheelkundestudente nog aan die begin saam klasgeloop het en toe Johan minder netjies was en sy studielening en kelnerwerk nie kentekens kon finansier nie. Hulle was twee jaar lank kamermaats. Saam gekuier, rugby gespeel, nagte lank gerook en stront gepraat terwyl Izak eintlik moes swot. Johan se punte was op 'n manier altyd ontstellend goed.

Johan het nooit met ander mense oor sy familie gepraat nie. Nooit naweke huis toe gegaan nie, al was Worcester net 'n uur weg. Hy het nooit 'n roomysbak vol beskuit saam met 'n briefie van aanmoediging van sy ma, of vermaning van sy pa, van die huis af gekry nie. Óf 'n geleentheid huis toe gevra as Izak vakansies met sy Toyota Conquest Oudtshoorn toe is nie. In die koshuisgange is twee moontlikhede voorgestel: Johan het brandarm en liefdeloos grootgeword, sy ouers drink straf en lê uitgepass tussen die krismisrose in hul tuintjie op Worcester. Óf Johan is nie die enigste kind soos hy voorgee nie en wil sy beeldskone jonger sussie nie blootstel aan die lae klas mens wat hulle – sy vriende – is nie. Izak weet die eerste moontlikheid was nader aan die waarheid.

Ná al die jare is daar steeds 'n band tussen hulle. 'n Ou vertrou. 'n Wedersydse, onuitwisbare dieper kennis en begrip, al het hulle min kontak met mekaar. En al beweeg hulle in verskillende sosiale kringe sedert Johan agt maande gelede hierheen getrek het. Johan

is steeds die eerste persoon wat Izak sal vertrou as hy bekommerd raak oor wat in sy kop aangaan.

Vroeg in sy eerste jaar ná universiteit is Johan met Annemarie getroud. Bruid van die jaar 2006. Hulle tweeling, Jaco en Anna, is nou vier of vyf jaar oud. Baba(s) van die jaar 2009, as Izak reg onthou. Hulle is die perfekte gesinnetjie, in die koel tuin van hul enorme Victoriaanse tweeverdiepinghuis. Op *Top Billing* ’n toonbeeld van sukses.

“Izak, ou vriend. Lanklaas gesien.” Johan skud sy hand, sy linkerhand liggies op sy elmboog. “Wat is dít?” Hy knik in die rigting van die geroeste Bantam. “Nog steeds nie ge-upgrade nie? Kan ’n tandarts nie meer deesdae ’n ordentlike kar bekostig nie?”

“Dis voorbehoeding teen geskeide Millpark-tannies,” sê Izak en glimlag. “Goed om jou te sien.”

“Hallo, Izak. Hoe gaan dit?” Annemarie se toon is nog altyd effens formeel as sy met hom praat. Dalk meer so ná hul troue, wat hy te veel geniet het. Sy kom met oop arms nader.

“Goed, dankie man, self?” antwoord hy en gee haar ’n drukkie, sy skouerbeen tref haar wang. Hy kan nooit die afstand van ’n drukkie akkuraat skat nie.

“Blessed. Ons is regtig blessed.”

Blessed, krimp hy ineen, probeer dan Annemarie se glimlag naboots. “Baie geluk met jou verjaardag. Ek hoop dis ’n mooi jaar.” Hy steek die boksie sjokolade na haar toe uit, soos ’n swaardvegter wat gaan vir die doodsteek.

“Dis baie gaaf. Dankie, Izak.”

Die kinders kom nou skrikkerig nader, asof Izak ’n mak ponie of bok is wat hulle wil voer.

“Anna, Jaco,” sê Johan en kniel langs die kinders. “Julle onthou nog vir oom Izak? Hy is mos die tandarts. Hy kan aan julle tande sien of julle te veel lekkers eet.”

Anna klap haar hand voor haar mond en haar boetie volg haar voorbeeld.

Izak vryf vlugtig oor hulle hare, hy is nie mal oor kinders nie.

“Dan wonder hulle hoekom mense nie van tandartse hou nie. Mens verwag meer van ’n psigiater.”

“Nou kom ons kry wyn in jou glas,” sê Annemarie. “Ons kuier sommer op die stoep.” Sy kyk skielik bekommerd hemelwaarts, vryf oor haar boarms. “Dit raak mos nou koel? Ek hoop regtig nie ons kry reën nie.” Dan stap sy vooruit, die kinders wat langs haar trip-pel. Die herfsbries pluk aan haar noupassende lang wit rok en Izak merk op dat sy nooit heeltemal van die swangerskapvetjies ontslae geraak het nie. Gillette, was haar bynaam op universiteit. The best a man can get.

Hy skeur sy oë weg van sy vriend se vrou se heupe, in die rigting van die massiewe vierkantige stoep aan die einde van die lang tuin-paadjie, waar sowat veertig mense rondstaan. Die vetterige geur van gebraaide vleis lok hom nader.

’n Klein, wit Franse poedel kom nader gedraf en spring teen sy been op.

“Monet! Áf!” sê Johan, liggies geïrriteerd, maar beheers. “Hy word ál hoe stouter. Annemarie bederf hom iets verskrikliks. Sy wou mos nog altyd ’n poedel hê.”

“Monet?” vra Izak.

Johan knik. “Soos die skilder. Dit was Annemarie se idee.”

“Hoe oud is hy?” Izak stamp die senuweeagtige hondjie met sy hand weg. Hy hou nie van poedels nie.

“So amper ’n jaar,” sê Johan en glimlag, wys ’n duim-op teken vir iemand op die stoep.

Dan lig die hondjie sy been langs Izak – hy sien dit te laat, skrik vir die warm nattigheid teen sy voet. Hy stamp die poedel met sy skeen weg – dalk ’n bietjie te hard – en die hondjie gee ’n sagte tjank. Izak

kyk op, sien Johan beweeg gelukkig reeds in die rigting van die partytjie, kyk net vinnig af na die hondjie wat verby hom hardloop.

Aan die agterkant van die stoep, teen die huis se muur, staan twee lang houttafels met borde kos en drank. Op die een tafel is vonkelwyn en sap met aarbeie. Op die ander tafel is 'n verskeidenheid peuselhappies: oesters, gekrummelde mossels, seekoskelkies, soutbeskuitjies, olywe, groenvye, verskillende brode en kase. Langs die stoep draai 'n skaap op die spit. Op die kant van die braaitoestel: *Rent-a-Spit*. Oorspronklik. Die garage pie was onnodig.

Izak herken die meeste van die mense nie. Hy gaan sit sy wyn in die kombuis, neem 'n glas vonkelwyn en gaan staan by die groep mans naaste aan die spit, waar hy een dokter herken, wat ook op Tygerberg geswot het.

Die groep praat oor pasiënte en moontlike spesialisposte, duidelik werkskollegas van Johan. Ná twee diep slukke verskoon Izak hom en gaan kry nog 'n glas vonkelwyn. Beur weer die kring binne.

“Daar kom eergister 'n outjie in,” sê 'n kort, vet dokter met 'n blink voorkop. “Seker sestien of sewentien. Sy ma het hom ingebring. Polse gesny. Hoog soos 'n kite. Daar was bloed oral.” Johan tree nou die kring binne met 'n oop bottel Lanzerac in sy hand. Blink Voorkop skiet sy leë glas gretig uit en Izak volg sy voorbeeld.

“Ons stabiliseer hom mooi en als,” vertel hy verder. “Vanoggend sê hy hy maak homself liewers dood as wat die ander gangsters hom beetkry. Hy sê hulle het al klaar twee van sy maatjies gevat. Op die badste manier, wat ook al dít mag beteken. En as hulle hom nie kan vat nie, gaan hulle sy ma vat. Hy sê daai ouens glo in 'n oog vir 'n oog.” Die man trek sy skouers op. “Die laaitie is seker ook nie dood-onskuldig nie.”

“Natuurlik nie,” sê iemand.

“Dis wilder as die wildtuin aan daai kant van die dorp,” sê 'n lang, maer dokter en skud sy kop.

Twee of drie ouens lag saggies.

“Het jy hom gesien?” vra Blink Voorkop vir Johan. “Of is jy nou te besig om geld te maak in jou privaat praktyk?”

“Nee, ek is eers môre by die hospitaal op roep,” sê Johan en bied vir die res van die kring wyn aan, maak dan sy eie glas vol. Hy glimlag. “Vandag drink ek ’n bietjie wyn.”

“Dís wat ek wil hoor,” sê ’n bleek mannetjie met ’n dik bril en proe versigtig aan sy vol glas, blykbaar sonder genot.

“Het Marius Volschenk toe die pos ...”

Van die volgende twee ure onthou Izak later net ’n wasige ineen-vloei van vonkelwyn, rooiwyn en praatjies oor pasiënte, duur motors, die beste laerskole in die omgewing, huispryse en Angus Buchan. Izak hou nie van Angus Buchan nie, want hy dra ’n sonhoed as dit donker is.

Izak knip sy oë ’n paar keer vinnig. Hy staan op die toegeboude balkonnetjie van sy agtsteverdiepingwoning in sentraal-Port Elizabeth. The National speel oor die radio. Hy kyk op sy horlosie, knip weer sy oë en wag vir die wysers om stil te staan. Kwart voor sewe. Hoe het hy by die huis gekom?

Hy trek die groot skuifvenster oop en kyk oor Algoabaai se liggies wat in die skemer begin flikker. Dit is ’n koel aand vir Maart.

Hy probeer vasstel wat die laaste ding is wat hy kan onthou. Hy onthou dat hy halfdrie by Johan se partytjie aangekom het. Hy onthou wat hy vir Johan in die tuin gesê het. Wat hy geëet het. Hoe die dokters hom geïrriteer het.

Hy het later in die kombuis gestaan. Die hond was daar. Hy het sy wyn oopgemaak. Dink, dammit, dink ... hy kan niks verder onthou nie. Weet nie of hy self huis toe bestuur het nie. Hy het voor die partytjie oorweeg om later terug te stap en sy bakkie môre te gaan haal, maar hy kan nie onthou dat hy geloop óf gery het nie. Hy kan

nie onthou hoe hy by sy woonstel ingekom het nie. Of hy gaan slaap het nie. Níks.

Shit. Dit het wéér gebeur. Hy het weer tyd verloor. En hierdie keer is dit langer.

Izak besef hy is doodnugter, hy kon nie soveel gedrink het nie. Die bottel Wolftrap was nog laas in sy bakkie. Het hy dit ooit oopgemaak?

Hy gaan met die hysbak af. Groet ou tannie Vermaak in die groot gemeenskaplike parkeerarea. Die garage se elektriese roldeur gaan op. Hy sien sy bakkie en slaak 'n ligte sug van verligting. Dan sien hy die swartsak in die bakkie se bak.

Hy sukkel om die knoop los te kry. Hy skeur die sak en steier terug.

Monet staar met dooie oë na hom.

'n Plastiekstrop is om die lewelose hond se nek styfgetrek. Die plastiek is dieselfde kleur as die inkopiesak van Tops-drankwinkel.